View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

# Enkele grondbeskouings van Johanna Brandt se denke

D J D Taljard & P J van der Merwe
Universiteit van Pretoria

Abstract
Some basic concepts of Johanna Brandt's thinking

Johanna Brandt was the wife of a well-known Transvaal minister of the Nederduitsch Hervormde Kerk during the first half of the twentieth century. During 1916 she had a number of visionary experiences which influenced the rest of her life. She was visited by a 'celestial messenger' and finally by the 'Son of God' himself who anointed her with the gift of prophecy and called upon her to devote her life to proclaming the message of salvation and hope to South Africa and the world. She entertained some highly unorthodox theological ideas: She reformulated the Trinity as God the Father, God the Son (Christ) and the Holy Spirit (God the Mother). Apart from God transcendent (explained in pantheistic and naturalistic terms) she also spoke of God immanent, that is in man. Her (mystic) message of salvation was: Man must seek heaven within himself.

*And through that atmosphere thrilling with Divine Might and Majesty, in which were combined Eternal justice, Immortal Love, Tender Compassion and Almighty Power and Wisdom, a calm and Holy voice reached me. 'Fear not. I am the Son of God, the Redeemer of heaven and earth,*

---

* Ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die BD-graad (1991), Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr P J van der Merwe.

*the Saviour of mankind! Fear not! I have not come to destroy but to save; not to break down, but to built up.'*

(Brandt 1918:94)

## 1. INLEIDING

In bogenoemde uittreksel uit haar boek *Millenium* gee Johanna Brandt haar ervaring weer van hoe die Seun van God, Jesus Christus, in 'n visioen aan haar verskyn het met 'n opdrag. Dit was van daardie oomblik af haar 'uitverkore roeping' om die 'boodskap' wat sy ontvang het aan die hele wêreld bekend te maak. Namate haar gesondheid dit toegelaat het, het sy dit met onblusbare ywer nagestreef.

Buiten hierdie belangrike gebeurtenis, was daar ook verskeie ander sake en gebeurtenisse wat in aanmerking geneem word wanneer die grondgedagtes van Johanna Brandt se leer beskryf word. Van die duidelikste invloede was:

* Die Reformatoriese teologie waarin sy 'n deeglike agtergrond gehad het.
* Die mistiek wat op daardie stadium herleef het.
* Die teosofie met wie sy direkte bande gehad het.

Hierdie invloede het almal 'n rol gespeel om haar beskouing van God en die mens te bepaal, asook die God-mensverhouding wat daaruit voortvloei en wat die basis van haar denke gevorm het. Verder word gepoog om aan te toon watter rol elkeen gespeel het. Daar sal ook probeer word om vas te stel of sy haar eie idees en denksisteem ontwikkel het en of dit 'n sameflansing van andere se idees en sisteme was.

In haar latere jare lê sy sterk klem op die 'Nuwe Era' wat gaan aanbreek of reeds aangebreek het. Hierdie 'Nuwe Era' word ondersoek en daar word gepoog om vas te stel of dit ooreenstem met die hedendaagse New Age en of dit 'n voorloper daarvan kon gewees het. Daar word ook aandag geskenk aan die manier waarop sy verbandhoudende idees deurtrek en van toepassing maak op die mens en die wêreld, asook die gevolge wat sy daarvoor voorsien het.

## 2. AGTERGROND

Johanna van Warmelo is op 18 November 1876 in Heidelberg, Transvaal, gebore. Haar ouers was ds en mev N J van Warmelo, 'n bekende predikantspaar in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Sy het haar skoolopleiding in vooraanstaande skole te Kaapstad en Pretoria ontvang. Sy was reeds 'n tiener toe haar ouers na Pretoria verhuis het. As kind was sy dikwels siek en moes verskeie operasies ondergaan. Hierdie ervarings het 'n

groot invloed op haar latere lewe gehad. 'n Wantroue jeens mediese dokters en medisyne was 'n verdere gevolg.

In 1897 vertrek Johanna na Duitsland waar sy musiek sou bestudeer. Net voor die Tweede Vryheidsoorlog keer sy terug na Suid-Afrika. Gedurende die oorlog woon sy en haar moeder in hulle huis, Harmonie, in Sunnyside. Hier speel sy, en veral haar moeder, 'n belangrike rol deur aan Boerespioene hulp en huisvesting te bied. Sy verpleeg ook twee maande lank in die konsentrasiekamp te Irene, maar staak dit later weens swak gesondheid. Die swaarkry en nood van die Boere in die kamp het 'n geweldige indruk op haar gemaak. Sy verwoord haar gevoelens en ervarings oor die konsentrasiekamp in twee boeke, te wete *Het Concentratie-Kamp van Irene* en *Die Kappiekommando*.

In 1902 tree sy met ds L E Brandt in Nederland in die huwelik. Ná 'n bietjie meer as 'n jaar keer hulle terug na Johanna se geliefde Suid-Afrika. Sy was sterk patrioties en het in Nederland baie heimwee gehad oor haar land en haar mense.

Ds L E Brandt was tot voor sy dood in 1939 vir een en twintig jaar voorsitter van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se Algemene Kerkvergadering.

Gedurende latere jare, ná haar visioene, stig sy die 'World Harmony Movement'. Sy reis wêreldwyd om haar leerstellings te propageer en haar boodskap uit te dra. Deur 'n spesiale druiwedieet word sy van kanker genees, waarop sy haar druiwekuur ook wêreldwyd propageer. Sy was 'n groot voorstander van naturopatie en ontvang in Amerika 'n reeks toekennings daarvoor.

Sy korrespondeer later ook aktief met teosowe en aanhangers van spiritisme en okkultisme.

## 3. DIE VISIOENE VAN JOHANNA BRANDT

Sy het haar eerste visoen gesien terwyl sy die nag van 7 Desember 1916 by die sterfbed van haar moeder gesit het. 'n Week later besoek die boodskapper haar weer en sy sien vier verdere visioene. In haar visioene word sy deur 'n boodskapper 'met die gawe van profesie gesalf' (Brandt 1918:78-102). Sy teken hierdie visioene in haar boek *Millenium* op. Hierdie boek word in 1936 opgevolg met 'The Paraclete, or, Coming World Mother', waarin sy uitbrei op aspekte wat in haar vorige boek agterweë gebly het (Brandt 1936).

Die visioene word gekenmerk deur die aanvoeling van 'n magtige teenwoordigheid in die kamer. Sy word deur 'n stem in haar binneste as 'Vreeslose Een' aangespreek. Wanneer sy hom vervolgens vra wie hy is, kom die antwoord: ''n Boodskapper van Bo' (Brandt 1918:80). Sy word gesalf met die gawe van profesie en 'n teken word aan haar gegee: die presiese tyd waarop haar moeder sou sterf, word aan haar

bekendgemaak. Die geldigheid van die voorspelling sou dien as 'n bewys van die boodskap se goddelike oorsprong. Volgens Johanna het dit ook gebeur soos dit voorspel is. Vanaf hierdie oomblik was Johanna heeltyd bewus van die boodskapper se teenwoordigheid in haar lewe.

Die boodskap het ook 'n opdrag bevat – 'n taak wat haar lewe as offer sou vra. Dit het daarop neergekom dat sy die uitverkore een is deur wie seën aan Suid-Afrika geskenk sou word. Op hierdie stadium het sy dit verstaan dat sy binne 'n paar dae sou sterf.

### 3.1 Die eerste visioen

Haar hele lewe speel weer voor haar geestesoog af, selfs haar verlede en jeugjare. Sy is gedurig in gesprek met die boodskapper en hy wys haar die lewenspad wat nog voor haar uitstrek. Sy kan egter nie sien waar dit eindig nie.

### 3.2 Die tweede visioen

Harmonie word as die sentrum van alle heerlikheid in Suid-Afrika verklaar. Die boodskapper maak ook aan haar bekend dat daar geen grense tussen lewe en dood is nie. Haar gees sou dus ná haar dood nie na hoër sfere opvaar nie, maar na die aarde terugkeer om vir 'n kort rukkie by haar man en kinders te bly. Sy sal hulle beskermengel wees en hulle sal krag en troos uit haar put. Hierdie visioen laat haar besef dat sy in 'n ander wêreld is waar daar geen perke aan geestelike krag is nie. Sy kom tot volle bewuswording van die goddelikheid van die mens.

### 3.3 Die derde visioen

Die oorloggeteisterde Europa verskyn voor haar oë en sy herken daarin die kosmiese stryd tussen 'Lig' en 'Duisternis'. In hierdie kosmiese stryd kry 'Lig' stadig maar seker die oorhand oor 'Duisternis'. 'Lig' moet oorwin, want dit dien as voorbereiding van die wêreld vir die tweede koms van Christus.

### 3.4 Die vierde visioen

Hierdie visioen handel oor die toekoms van Suid-Afrika. Sy sien Suid-Afrika in puin. Die boodskapper verduidelik aan haar dat dit juis die doel is van 'n reinigingsproses wat gaan plaasvind. 'n Orkaan van woede en geweld sal oor die land spoel. Hierdie lyding word veroorsaak deur die verkeerde gesindhede wat in die

volk se harte aanwesig was. Hulle moet eers gereinig word alvorens Suid-Afrika 'n voorbeeld vir die wêreld kan wees.

Die oordeel kan dus nie afgeweer word nie. Haar doel is om die mense van Suid-Afrika voor te berei op hierdie krisistyd wat op hande is. Deur reg voorberei te wees, sal die lyding wat gaan kom, versag word.

### 3.5 Ander visioene

Tydens die 'uur van haar dood', verskyn die 'Seun van God' aan haar. Sy is deur Hom uitverkies om as sy instrument 'n boodskap van kosmiese betekenis aan die mensdom bekend te maak. Sy sou nie meer sterf nie, maar moes haar taak op aarde voortsit. Die boodskap aan haar is dat hemel op aarde en binne-in die mens is. Die hemel moet net gesoek word. Sy moet die mensdom lei om dit te ontdek. Die Seun openbaar verder aan haar dat die wederkoms naby is. Slegs die persone wie se oë geestelik geopen is, sal gelukkig wees om dit te aanskou. Slegs harte wat deur geregtigheid en diens voorberei is, sal Hom ontvang.

Die plek word ook aangedui waar Hy ontvang moet word. Dit is Harmonie. In die visioen sien Johanna die huis as 'n tempel. Harmonie sal dien as die geestelike sentrum van die wêreld. Daar word ook aan haar gesê dat sy alleen sal moet voortgaan om haar taak te volbring.

Haar denke en optrede verder deur haar lewe word deur hierdie visioenêre ervarings bepalend beïnvloed. Sy het dit oorvertel, herhaaldelik geïnterpreteer en uitgedra. 'n Duidelike bewys hiervan is die magdom boekies en pamflette wat regoor die wêreld aangetref word. 'n Bepaalde ontwikkeling kom egter in haar denke na vore.

## 4. HAAR LEER

Ná haar belewenisse raak Johanna bewus van 'n geestelike herlewing wat besig is om in die wêreld plaas te vind. Sy vind dit veral op die gebied van die mistiek en spiritualiteit. Sy ontdek ook geesgenote binne die geledere van die Teosofiese Beweging, maar sy gaan nie so daarin op dat sy die identiteit van haar denke en idees prysgee nie.

Daar word vervolgens na aanleiding van die rubrieke 'Mistiek', 'Godsbeskouing' en 'uitverkiesing' gekyk na haar leer.

## 4.1 Mistiek

### 4.1.1 Definisie

Buitendag en Van der Merwe (1991) beskryf mistiek soos volg: mistiek is die aanvaarding van 'n dieper dimensie as wat oppervlakkig sigbaar is, handelinge, oefeninge en/of dissiplines wat daarop gemik is om die beoefenaar die dieper werklikheidsdimensie geestelik te laat betree; die geloof dat die beoefenaar se gees deel kan word van die goddelike gees en so hemelse verrukking kan ervaar.

Johanna se siening is nie presies dieselfde nie. Volgens haar is mistiek die 'wetenskaplike kennis' van goddelike waarhede (Brandt 1918:75). Die doel van mistiek is niks anders as die harmonie tussen God en die mens nie. Dit is 'n lewenswyse waar die skepsel in voortdurende kontak en harmonie met die Skepper leef.

Sy was verder van mening dat die vervulling en potensiaal waarna elke mens moet streef, verborge binne homself lê. Vervulling word eers moontlik wanneer die mens die goddelikheid in homself realiseer. Mistiek beteken dus ook nouer en intiemer kontak en harmonie met die diepste goddelike self. Hier begin reeds iets van die spanning in Johanna se beskouings deurslaan. Enersyds lê die mens se heil in 'n nouer verhouding met die transendente God en andersyds lê dit in groter selfkennis en ontdekking van sy eie, immanente goddelikheid.

Sy sê verder dat mistiek 'n proses is waardeur die weë van God aan die mens geopenbaar word (Brandt 1918:75). Wanneer dit gebeur, word die mens se geestelike oë oopgemaak. Sy verklaar haar visioene as 'n geestelike verligting. Sy sien dit as haar inlywing in die geheimenisse van God (Brandt 1936:3). Sy figureer hierna as boodskapper van God. Haar lewenswyse en geestelike ingesteldheid het haar gekwalifiseer vir die ontvangs van hierdie gawe.

Dit blyk ook dat Johanna haar mistiese leerstellings met die Christelike geloof wou meng. Die bereiking van die dieper geestelike bewussyn het vir haar uitgeloop op 'n ontmoeting met die lewende God van die Christelike geloof.

### 4.1.2 Openbaring

Haar siening oor die openbaring aan haar sluit aan by die teosowe se siening daarvan. Volgens hulle is openbaring die heilbrengende selfbekendmaking van die godheid in die kosmos. Dit geskied deur bemiddeling van die Mahatmas of Groot Wit Broederskap. Dit is die mense wat die hoogste kruin van menslike evolusie bereik het. Hulle beskik oor volle kennis van die mens en die kosmos en voer nou 'n geestelike bestaan. Hierdie saligmakende kennis wil hulle aan die mens openbaar om die mensdom tot voordeel te strek. (Hulle kan dus met die bodjisatvas van die Ma-

hajana-Boeddhisme vergelyk word.) Helena Blavatsky wat die Teosofiese Beweging gestig het, was veronderstel om hulle boodskapper te wees.

Die ooreenkoms wat dit met Johanna Brandt se idees het, lê daarin dat sy deur haar openbaringservarings kennis met kosmiese implikasies ontvang het. Ook sy was aanvanklik bestem om te sterf, maar sy bly dan tog voortleef om die openbaring wat sy ontvang het, uit te dra (Brandt 1918:74). Haar boodskap behels die verlossing van die mensdom en moet dan ook aan alle mense meegedeel word. Hierdie goddelike openbaring is nie iets wat net met haar gebeur het nie, maar het deur die eeue heen periodiek met baie ander mense gebeur. Dit verklaar volgens Johanna Brandt en die teosowe die verskillende godsdienste in die wêreld.

Die teosofie vat hierdie stelling 'n stap verder deur te beweer dat hulle die enigstes is wat die volledige waarheid, die saligmakende waarheid, besit. Hulle leuse is: 'There is no religion higher than the truth' (Dreyer 1964:116).

Johanna se idees oor openbaring verskil van die teosofie daarin dat sy ook aan die Skrifopenbaring wil vashou. Sy sien haar visioene trouens as dieselfde soort openbaring wat tot die Skrif aanleiding gegee het. Dit bevat volgens haar niks anders as die leer van Jesus nie, asook voorspellings en openbarings wat in die Ou en Nuwe Testament voorkom. Wanneer sy dit egter met teksverwysings probeer aantoon, doen sy dit met 'n bedenklike Skrifgebruik.

### 4.1.3 Broederskap

'n Kenmerk van mistiek is dat een of ander esoteriese broederskap van mistici gewoonlik veronderstel word. Hierdie tendens word ook by Johanna Brandt sowel as die teosowe gevind. Die ware teosoof is ingelyf by 'n groep mense wat hulleself as ingewydes beskou. Johanna stig die 'Orde van Harmonie' en beskryf dit as 'n 'Mistieke verbond, 'n geheime orde van manne, vroue en kinders wat in verborgenheid, voor God alleen, die plegtige belofte doen om alles in hulle vermoë te doen om deur gebed en 'n rein lewe, Suid-Afrika, en deur Suid-Afrika die wêreld, voor te berei vir die Wederkoms van die Verlosser' (aangehaal deur Steyn 1981:22).

## 4.2 Godsbeskouing

### 4.2.1 Panteïsme

Volgens die panteïstiese siening deurspoel God as 'n kosmiese krag die ganse heelal en aarde. Die teosofie sê dat God alles is en alles God is. Johanna sluit nou by die panteïstiese siening van die teosofie aan deur te sê dat die natuur God self in sy uitwendige vorm is (Dreyer 1964:118). Dit is om hierdie rede dat sy klem op die

natuur en die wette van die natuur lê. Sy sê dat die pad van die natuur ons na God lei (Brandt 1936:92). Sy bepleit 'n terugkeer na die genesende krag van natuurlike dinge. Dit moet die liggaam van die mens reinig om hom voor te berei vir die wederkoms van Christus wat volgens haar naby was. Sy sê dat die mens die wêreld vir God moet voorberei om daarin te kom woon (Brandt 1936:24).

### 4.2.2 Konsep van God

In *Die nieuwe wyn* begin Johanna by die Bybelse skeppingsverhaal waar God in ses dae alles geskape het en op die sewende dag gerus het, maar sy lê dit op haar eie manier uit. Sy sê dat die mensdom van haar tyd op die sewende dag van die skepping leef. God het die aarde geskep en nou het Hy Homself van die wêreld onttrek en verkeer Hy in rus (Brandt 1921a:11). Die mens is aan homself oorgelaat met die potensiaal om te ontwikkel tot goddelike volheid (Brandt 1921a:12). Haar godsbeskouing kom dus neer op 'n deïsme gekombineer met 'n panteïsme.

Vyftien jaar later het sy hierdie konsep van God nog verder uitgebrei. Sy sê dat die mens God nie sonder die universele wette wat die sonnestelsel beheer, kan verstaan nie (Brandt 1936:9). Sy gebruik die reëls van die fisika om breedvoerig te verduidelik hoe die universele wette werk. Kortliks kom dit daarop neer dat teenoorgesteldes nie sonder mekaar kan funksioneer nie. Die manlike kon nie sonder die vroulike bestaan of verstaan word nie. Dieselfde geld vir positief en negatief, goed en sleg, warm en koud.

Sy gaan nou verder deur hierdie reëls op haar begrip van God van toepassing te maak. So vleg sy ook monistiese idees in haar godsbegrip in. Dit bring haar tot die volgende gevolgtrekking: God die Skepper is die Vader, God die Heilige Gees is die Moeder en Jesus Christus is God die Seun. In hierdie drie-eenheid sien sy perfekte harmonie, maar met verskillende funksies en take (Brandt 1936:56). Jesus is die mens se ouer broer met 'n gemeenskaplike Vader en Moeder (Brandt 1936:9). Die ontwikkeling van die moderne eeu vertoon volgens haar die kreatiwiteit van die Moeder.

Haar godsbeskouing vertoon 'n vermenging van baie invloede waarvan die belangrikste dié van die teosofie. Haar drie-eenheidsleer stem ook ooreen met standpunte wat deesdae in die New Age-beweging heers.

### 4.2.3 Jesus Christus

Jesus was vir Johanna die Groot Mistikus wat die wêreld die waarhede sou kom leer aangaande die spirituele wêreld (na aanleiding van Joh 16:25). Sy sê dat Jesus die

mensdom die vaderskap van God en broederskap tussen mense kom leer het (Brandt 1936:10).

Hier kom die vermenging van verskillende invloede, onder andere die Mistiek weer na vore. Sy glo dat Jesus die enigste Verlosser is en dat Hy weer sal kom. Die wonderwerke van Jesus wil nie die mens beïndruk of ontmoedig nie, maar eerder aan die mens toon wat hy self tot stand kan bring (Brandt 1921a:105). Sy sê dat Jesus se leringe baie simbolies was en dat die groepie dissipels ingewy was in die geheimenisse van Jesus. Dit vertoon sekere ooreenkomste met die teosowe se beskouing van Christus. Hulle tref 'n onderskeid tussen Jesus en Christus. Jesus was 'n gewone mens, maar 'Christus' dui op 'n algemene geestelike verlossingsprinsipe of tipe (Dreyer 1964:138). Soos Jesus was daar baie verlossingsfigure in die geskiedenis in wie die verlossingsprinsipe geïnkarneer het. (Dit stem ooreen met die Hindoekonsep van die avatar.)

## 4.3 Uitverkiesing

### 4.3.1 Mens en mensbeskouing

Wat die uitverkiesing betref, vloei Johanna en die teosofie se gedagtes saam. Uitverkiesing geskied ter wille van 'n heilstaak wat verrig moet word. Die uitverkorenes is 'n groepie mense in die geskiedenis wie se taak dit is om die mensdom te onderrig in wat nodig is om gered te word en die mense sodoende uit hulle ellende of toestand van onvolmaaktheid te begelei. Johanna was self so 'n uitverkorene. Haar spesifieke opdrag was om op die aarde te bly en haar medemens te help (Brandt 1918:74).

Hierdie opvatting van uitverkiesing sluit ook nou aan by haar mensbeskouing. Die mens is inherent goed (Brandt 1936:42) en goddelik (Brandt 1918:19) en daarom in staat om homself te ontwikkel tot hoër geestelike sfere. Sy reken dat elke mens 'n sluimerende gawe in hom het en deur eie wilskrag hierdie gawe kan ontwikkel. Sy gaan verder deur te sê dat alles en almal gees is en oorspronklik afkomstig is van die Gees van God. Die mens is gees in 'n stoflike vorm. Die goddelike vonk wat die kiem van die lewe is, sluimer in elke mens. Dit is deel van die almagtige Skepper self (Brandt 1921b:14). Die doel van die mens se bestaan op aarde is die ontwikkeling tot die volmaaktheid van God. Die bevryding van die mens moet dus deur die mens self geskied (Brandt 1921b:76).

Dit is duidelik dat Johanna 'n pelagianistiese opvatting van die mens koester. Sy kombineer dit met die idee van 'n evolusionistiese ontwikkeling van 'n laer na 'n hoër vorm van geestelikheid. Dit verklaar ook waarom sy die reïnkarnasiegedagte aanvaarbaar gevind het.

Mense wat nog nie die gawe van die spirituele lewe ontdek het nie, is oningewy. Slegs 'n klein getal mense is geestelik gevorderd genoeg om spiritueel te kan kommunikeer (Brandt 1936:44). Die geestelike oog van die mens word volgens haar geopen deur volharding en geloof. Wanneer 'n Christen hierdie vlak bereik het, sal hy in staat wees om sigbare tekens, verskynings, visioene en gesigte direk van die Vader te ontvang (Brandt 1921b:19). Slegs die geestelik geopende oog sal die Wederkoms raaksien (Brandt 1918:97). Sy verbind dit ook met die natuur. Deur die krag van die natuur te ontdek, kan die mens ontwikkel tot 'n 'super mortal' (Brandt 1936:62). Natuurlike voedsel en 'n gesonde lewe verhoog die mens se verstandelike vermoëns wat volgens haar lei tot die ontdekking of ontplooiing van sy goddelike eienskappe.

Met verwysing na die mensbeskouing van Johanna is daar verdere ooreenkomste met die teosofie te bespeur. Volgens Dreyer (1964:133) is daar vir die teosowe nie 'n wesenlike verskil tussen God en die mens nie. Die mens is in sy wese goddelik en dit is slegs sy blindheid wat maak dat hy dit nie raaksien nie. Die mens moet nou uit hierdie blindheid opgewek word sodat hy sy wesenlike eenheid met God en die heelal kan erken. Hy moet besef dat hyself 'n goddelike bestemming het.

Die gevolgtrekking wat hieruit voortvloei, is dat selfaanbidding en verheerliking van die mens in die haak is – 'n soeke na God, nie om Hom te dien nie, maar om soos Hy te word. Die doel van enige godsdiens, volgens die teosowe, is om die mens te ontwikkel tot op daardie vlak waar mens en God volkome een word (Dreyer 1964:126, 127). Aan skriftuurlike norme gemeet, moet Johanna Brandt negatief beoordeel word. Dit is moeilik om te dink hoe sy haarself binne die Reformatoriese teologie tuis kon voel. Sy maak te veel van die mens as outonome wese wat homself kan laat realiseer. Haar betoog dat die mens inherent goed en goddelik is, is direk in stryd met die basiese Christelike leer.

### 4.3.2 Volke

Wanneer die Groot Wit Broederskap, volgens die teosofie, 'n godsdiensstigter na die aarde stuur, moet daar eers aan sekere vereistes voldoen word. Die plek of volk waarheen hy/sy gaan, word bepaal deur hulle ontwikkelingsvlak. Die bepaalde volk se omstandighede of situasie moet ryp wees om die godsdiensstigter te ontvang (Dreyer 1964:127).

Johanna Brandt maak sterk aanspraak daarop dat God Suid-Afrika uitgekies het as 'n spesiale instrument waardeur die hele wêreld geseën sou word (Brandt 1918:17). Tydens die eerste verskyning van die boodskapper aan haar, word Suid-

Afrika geseën (Brandt 1918:85). In haar vierde visioen moet Suid-Afrika gereinig en voorberei word vir die wederkoms van Jesus Christus (Brandt 1918:92). Hulle huis 'Harmonie' is 'n tempel wat sal funksioneer as middelpunt van al die liefde en geregtigheid oor die wêreld (Brandt 1918:100).

Weer eens kry kom die tendens voor dat Johanna haar denke in later jare aansienlik uitgebrei het. Uit Suid-Afrika sal daar 'n persoon kom wat Johanna die 'Trooster' genoem het. Dit gaan 'n Suid-Afrikaans gebore vrou wees (Brandt 1936: 91).

### 4.3.3 Geskiedenis

Haar standpunt is dat God die mistici as instrumente gebruik om sy wil op aarde bekend te maak. Sy gebruik die geskiedenis om dit te probeer aantoon. Sy identifiseer sewe tydperke wat teruggevoer kan word na 'n oorspronklike mistieke ervaring of visie. 'n Persoon ontvang 'n openbaring en kry 'n gepaardgaande opdrag. Die gevolge van die optrede wat volg, het groot impak op die geskiedenis. Sy het uit die na-Christelike geskiedenis verskeie gevalle aangehaal waar persone soortgelyke visioene en opdragte gekry het wat die wêreldgeskiedenis uiteindelik sou verander.

Die geskiedenis word verder as toetssteen gebruik vir die egtheid van die visioen. Sy meen dat die mens slegs iets oor die toekoms wys kan word deur die bestudering van die Bybel en die vergelyking daarvan met die geskiedenis van die wêreld (Brandt 1918:67) – nog 'n voorbeeld hoe sy die mistiek deurentyd aan die Skrif wou koppel.

Dit is duidelik dat Johanna haar visioene (en haar beskouings wat na aanleiding daarvan ontwikkel het) graag wou sien as iets wat groot invloed op die geskiedenis gaan uitoefen en groot betekenis vir die mensdom inhou. Sy voer haar verhaal terug na Jesus se kruisdood en die belofte dat Hy weer sal kom. Dit probeer sy in verband bring met wat met haar gebeur het: die verskyning aan haar en die boodskap dat Jesus se wederkoms naby is.

Die verlede het haar vervolgens geleer dat deur die gawes van geloof, rede, kennis, oordenking en diens, die mens ideale toestande op aarde kan skep. Uit die geskiedenis is dit duidelik dat geen groot gebeurtenis plaasgevind het sonder waarskuwings vooraf of voortekens nie. Die waarskuwing dat die mensdom voorberei moet word, was vir haar 'n duidelike bewys dat iets groots op hande is. Deur te verwys na die wêreldtoestande van haar tyd, veral in Europa, wil sy aantoon dat die vervolgings en onderdrukking van die laaste dae waarvan die Bybel praat, aangebreek het. Dit is die laaste fase voordat die Here weer kom.

Hier moet weer eens na Johanna se korrupte Skrifgebruik verwys word. Profesieë in die Bybel word willekeurig toegepas op groot gebeurtenisse in die wêreldgeskiedenis. Bybelgedeeltes word lukraak en sonder inagneming van kontekstuele samehang aangehaal om stellings te 'bewys'.

## 5. DIE 'NUWE ERA'

Ná haar ondervinding in 1916 voorspel Johanna dat daar 'n geestelike omwenteling besig is om plaas te vind in die wêreld. In latere jare begin sy dit formuleer as die 'Nuwe Era'. Sy noem spesifiek dat die teosofie, mistiek, Rosekruisers en ander okkultiese en spiritistiese bewegings haar beïnvloed het.

Sy begin met die stelling dat die aarde 'n nuwe teken van die Diereriem binnegaan. Die tydvak van die Visse is verby en die nuwe tydvak van die Waterdraer het pas aangebreek. Hierdie nuwe era beskryf Johanna ook as die era van die Lewegewer, die vrou. Sy beweer dat die seën van God eers net oor die vroue uitgegiet sal word.

Die verandering in die Diereriem verklaar sy aan die hand van die wet van ritme en periodisiteit. Steyn (1989:23) meen sy is hierin beïnvloed deur die Hermetiese geskrifte wat die Hellenisties-mistiese filosofie as agtergrond het. Daarvolgens is alles in 'n toestand van vibrasie. Deur die beginsel van ritme ontstaan orde in die heelal. Wanneer die vibrasie van die son verander, verander die vibrasie van alles wat om die son wentel. Hierdie veranderings lei tot nuwe siklusse op aarde – elkeen met sy eie oorgangsperiodes. Die geskiedenis herhaal homself elke twee duisend jaar en elke keer op 'n gegewe oomblik verskyn 'n reddersfiguur wat die mensdom uit 'n krisis red.

Met die aanbreek van die tydvak van die Visse is Christus gebore en nou, omtrent twee duisend jaar later, lei die siklus tot die tydvak van die Waterdraer. Dit hou vir die mens en aarde bepaalde gevolge in. Sy sê dat Christus die mens geleer het hoe om dood te gaan, maar dat die nuwe leermeester, God die Moeder, die mensdom gaan leer hoe om te lewe. Die Moeder gaan die mens leer hoe om die wil van die Vader te doen. Dit sal 'n transformasie van die aarde en die menslike liggaam teweegbring. Dit is 'n era van selfontwikkeling van die mens wat tot groter geestelike bewussyn sal lei.

Sy sê hierdie moederskap van God was tot dusver 'n misterie. Dit kon slegs met bepaalde simboliek en deur ingewydes raakgesien word. Dit sal in die toekoms egter al hoe duideliker word (Brandt 1936).

Die 'Nuwe Era' gaan volgens haar die opkoms van 'n nuwe geestelike bedeling sien. Oënskynlike teenoorgesteldes soos byvoorbeeld manlik en vroulik gaan ver-

soen word. Daar gaan 'n nouer verhouding tussen mens en natuur tot stand kom. (Daarvoor is haar vegetariese dieet met die oog op vitaliteit en gesondheid aangewese.) By die mens gaan ook 'n nuwe ywer posvat om homself te ontwikkel en beheers (Steyn 1989:23).

## 6. KONKLUDERENDE OPMERKINGS

Om tot 'n klinkklare antwoord oor die herkoms en aard van Johanna Brandt se beskouings te kom, is nie eenvoudig nie. Sy was 'n wydbelese vrou en alhoewel dit blyk dat sy uit baie oorde beïnvloed is, skyn dit asof haar openbaringservaring 'n unieke plek in haar denkontwikkeling ingeneem het. Sy het geglo dat haar kennis en insigte spruit uit 'n verligting deur die Heilige Gees. Volgens haar is sy uitverkies en het sy die krag en die vooruitskouing en die boodskap ontvang om die mensdom vanuit sy ellende te red.

Johanna was 'n rasionele mens met 'n baie goeie opvoeding en onderwysagtergrond. Op grond van haar wydbelesenheid het sy baie dinge ondersoek en probeer verklaar. Die gevolg hiervan was dat sy 'n magdom kennis opgegaar het wat as verwysingsraamwerk gedien het.

Sy was verder 'n hoogs godsdienstige mens met 'n sterk Calvinistiese agtergrond. Sy het na aan die Bybel geleef en hierin, sowel as in haar gebede, antwoorde gesoek. Dit is dalk waarom sy so sterk geglo het dat haar opdrag direk van God afkomstig was.

Johanna was egter ook 'n emosionele mens wat nou betrokke was by die lyding van mense in die oorlog. In hierdie tyd het die vurige begeerte ontstaan om die mens te help om aan sy nood en ellende te ontkom. Dit was kenmerkend van haar lewe: 'n worsteling oor die lot van die mens en die wêreld en 'n soeke na strukture en maniere om dit te herstel.

Sy was op 'n stadium van haar lewe ernstig siek en fisiek, emosioneel en geestelik op 'n laagtepunt. Dit was spesifiek so ten tye van haar visioene. Oor watter invloed haar geestestoestand op haar visioene gehad het, kan maar net geraai word. Dit mag so wees dat hoe meer die ellende van die mens vir haar 'n werklikheid geword het, hoe sterker het die begeerte by haar opgekom dat iets gaan gebeur om die situasie te herstel. Hulp moes volgens haar van buite die mens kom om hom te help om homself te help. Sy het Christelike geloof en spesifiek die wederkoms van Christus aan hierdie denke gekoppel. Waar sy nie klinkklare antwoorde kon kry nie, wil dit lyk asof sy ander verklaringswyses, van buite-Christelike oorsprong, aangegryp het.

Dit is duidelik dat sy met opvattings oor God en mens, ten spyte van haar Calvinistiese agtergrond, lynreg teenoor die Reformatoriese teologie en die Christelike geloof te staan gekom het. Dat sy nog steeds 'n predikantsvrou kon wees of haar man in sy ampspligte kon ondersteun, was eintlik nie meer moontlik nie.

Dat sy egter dinge gesê het en stellings gemaak het wat baie na aan vandag se New Age beweging lê, is ongetwyfeld so. Alhoewel sy haarself waarskynlik nie volkome binne vandag se beweging sou kon vind nie, is daar baie elemente wat as basis van die New Age-beweging dien en wat Johanna Brandt reeds in die eerste helfte van die eeu geformuleer het.

**Literatuurverwysings**

Brandt, J 1905. *Het Concentratie-Kamp van Irene*. Amsterdam: HAUM.

--- 1918. *The Millenium: A prophetic forecast*. Johannesburg: Argus Printing & Publishing Company.

--- 1920. *Die smeltkroes: 'n Politieke vlugskrif*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

--- 1921a. *'Die nieuwe wyn'*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

--- 1921b. *The fasting Book: A book on the creation and redemption of the body*. Bloemfontein: NPB.

--- 1936. *The Paraclete, or, coming world Mother*. Johannesburg: Harmony Publishing House.

Botes, H J 1989. Ds L E Brandt (1873-1939) as kerklike leier en bouer. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Buitendag, J & Van der Merwe, P J 1991. *Die New Age beweging*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Dreyer, P S 1964. Teosofie. *HTS* 20/2, 103-143.

Ryan, C J 1975. *H P Blavatsky and the Theosophical Movement*. San Diego: Loma Publications.

Steyn, C 1989. Dominee se vrou formuleer 'New Age'. *Insig* 20, 20-23.

Van der Merwe, M E 1989. Johanna Brandt en die kritieke jare in Transvaal 1899-1908. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.